# ECHO OF HIS CALL

AFRIKAN

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE

REACHING NATIONS

## EGGO VAN SY ROEP

*India's National Spiritual Newspaper*

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Vol. XVII | DECEMBER 2023 | No. 06


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**Jesaja 8:23 - 9:1-5**

23. Maar in die land waar daar duisternis is, sal daar nie langer donkerte wees nie. In die verlede het die Here die gebiede Sebulon en Naftali verneder, maar in die toekoms sal Hy die pad na die see van Galilea toe, die Jordaanstreek en die gebied van die heidene in ere herstel

1. Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn.

2. U het dié wat nie meer 'n nasie was nie, baie gemaak, hulle blydskap groot gemaak. Hulle het hulle in u teenwoordigheid verbly soos mense bly is in die oestyd, soos hulle juig wanneer hulle die buit verdeel.

3. Soos die dag toe Midian verslaan is, het U die juk verbreek wat op die volk gedruk het, die stok waarmee hulle geslaan is, waarmee hulle gedryf is.

4. Elke soldateskoen wat in die oorlog gebruik is, en elke uniform wat met bloed bevlek is, sal verbrand word, deur die vuur verteer word.

5. Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

# DIE GESKENK VAN DIE PRINS!



***Ds. Angeline Selvakumari***

Kersfees was sedert my kinderjare al vir my baie spesiaal. Dit bring 'n onbeskryflike vreugde. Toe ek nog jonk was, het ons nie genoeg geld gehad vir nuwe klere of geskenke nie, of om die huis te versier met gekleurde papier of liggies nie. Ons het in 'n klein eenslaapkamer huis gebly met min kos, maar my ouers het altyd maniere gevind om ons kindertyd mooi en betekenisvol te maak. Ek en my broer is baie dankbaar vir hulle pogings. Dit was 'n wonderlike tyd! Besoeke van ons grootouers, kuiers by neefs en niggies, erediens toe gaan vroeg in die oggend nog half aan die slaap, uitsien na 'n heerlike middagete saam met die hele gesin, speletjies speel, en selfs die af en toe se onderonsies – al hierdie dinge het daardie tye regtig aangenaam gemaak.

Selfs nou nog, elke jaar, bring die reuk van die kerse, die geur van koekies, die flikkering van die liggies, die ysige wind, en die meevoerende kersliedere baie aangename herinneringe mee.

Tog kan Kersfees vir sommige 'n heel anderse ervaring wees. Dit

*....verv. op.bls. 3*


Echo of His Call



***YouTube Christian Channel !***

**Jy sal die geleenteheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

Elke dag – From 2.00 vm

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

REACHING NATIONS

## *van julle geliefde broer...*





**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Sis. L. Mariya Anjalin, M.A., M.Sc., B.Ed.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
EDITOR, PUBLISHER & PRINTER
Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call

**Ek bly altyd naby U,**
**u hand ondersteun my. - Psalm 63:9.**

Geliefde broers en susters in die Here!

Ons groet julle in die weergalose Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Ons wens julle 'n vreugdevolle Kersfees en geseënde Nuwe Jaar toe.

### ECHO OF HIS CALL TYDSKRIFTE EN DIE YOUTUBE BEDIENINGS

Ons dank ons Here God vir die positiewe terugvoer wat ons kry van ons lesers van **Echo of His Call**, en die kykers van ons YouTube-kanaal. Ons moedig julle aan om te kyk na ons **vyf minute preke** wat uitgesaai word deur ons YouTube-kanaal in Engels, Hindi, Tamil en Telugu daagliks vanaf 2 vm. Stoor asseblief ons mobiele foonnommer **+91-98410 71858** in jou foon wat vir hierdie doel toegewy is. Skryf ook gerus in vir ons **Echo of His Call YouTube-kanaal**. En verder, stoor ons ander nommer +91-98412 71858 om my direk te kan kontak. Hierdie dienste is heeltemal gratis.

### WÊRELD VISIE VIR JEUG & KINDERSORG

Ons het 'n beweging begin genaamd **Wêreld Visie vir Jeug en Kindersorg**, om te **bid vir 'n minuut** vir die welvaart van ons jong seuns, dogters en kinders wêreldwyd. Baie vriende van oral in die wêreld het hul name geregistreer in hierdie bediening. **Elkeen wat geregistreer het word opgeroep om die volgende gebed te bid, elke nag om 10 uur volgens jou plaaslike tyd:**

**"Dierbare Heer, ons bid in die Naam van ons Here en Verlosser Jesus Christus, dat U elke jong seun, dogter en kind oor die wêreld sal onthou! Amen."**



*Jeug en Kinders saam met Here Jesus Christus!*

As gevolg van hierdie gebed is daar baie jong volwassenes en kinders wat opstaan as getuies vir ons Here Jesus Christus. Alle eer en lof aan ons Here Jesus Christus hiervoor. Amen.

As julle vir ons julle kinders se name gee, sal ons hulle insluit in ons gebede. Maar moet asseblief nie geldelike bydraes hiervoor stuur nie.

Baie van ons toegewyde kollegas wat in die voorste linies van ons bediening werk, worstel met verskeie siektes en het ernstige verliese gely.

**Our Ministries:** ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) • BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) • YouTube Ministry • Online Courses • Theological Correspondence Courses (2 languages) • Church Planting • Nehemiah Bible Colleges • Gospel Printing Press • Great Commission Partners • St. Paul's Matriculation School • Crusades • Community Development

Ons versoek nederig dat julle bid vir hulle welstand, beskerming en gesinsomstandighede en van al ons dienaars van ons God.

Ons Nuwejaarsdiens vir hierdie jaar sal uitgesaai word op ons YouTube kanaal vanaf 10 nm. op 31 Desember. Julle is welkom om te kyk soos dit julle pas. Maar ons moedig julle aan om julle eie gemeentes se byeenkoms by te woon. Dit is baie belangrik.

Ons hou spesiale gebedsessies vir seën vir die Nuwe Jaar elke dag om 6 vm. vanaf 2 Januarie 2024 tot 7 Januarie 2024.

Ons stuur ons **Echo of His Call**-tydskrif met gewone pos. Maar ons is bewus daarvan dat nie almal dit wel ontvang nie. Om te verseker jy ontvang ons uitgawes, deel jou WhatsApp-nommer en e-posadres met ons vir ekstra sekerheid.

Ons het verskeie bedienings gereël vir Desembermaand, en versoek dat julle ernstig sal bid dat dit suksesvol uitgevoer sal word sonder hindernisse.

Geseënde Kersfeesgroete en beste wense vir 'n geseënde Nuwe Jaar aan elkeen van julle.

Julle dienaars in Christus Jesus,

PS. S. SAM SELVA RAJ & ALEX SAMSON SAM.

(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
Epos: sam@echoofhiscall.org

*verv. v. bls.1*

mag dalk 'n spanningsvolle tyd wees met herinnerings aan geliefdes wat intussen oorlede is. Ander worstel dalk met gesondheid of geldelike beperkings. Sommige beleef dalk die Kersfees se woeligheid oorweldigend, wat lei tot alleen-gevoelens, hartseer, selfs bedruktheid. Daar is selfs gerugte dat selfmoordsyfers in hierdie tyd styg.

Dan is daar ook die debat oor die datum of Kersfees op 25 Desember gevier moet word en of dit die werklike datum is van Jesus se geboorte. Vir my is die spesifieke datum nie so belangrik nie, maar die onomstootlike waarheid dat Jesus wel in hierdie wêreld gebore is. Die Seun van God het die Seun van die mens geword, en dit is wat eintlik saak maak.

Daarom gebruik ek hierdie geleentheid om vir die wêreld te vertel van die grootste geskenk wat ek ooit ontvang het: die geboorte van Jesus. Ongeag my lewe se omstandighede vier ek graag hierdie gebeurtenis met my familie en vriende. En ek probeer om diegene wat nie gesinne het nie of moeilike tye beleef, ook in te sluit. Dit is tyd om liefde en omgee te wys en te deel met ander.

Kersfees word dikwels gesien as 'n tyd van gee en ontvang van geskenke. Ons neig om nuwe klere te koop vir die kinders en iets spesiaals vir ons geliefdes om te wys ons is lief vir hulle, gee om vir hulle en wil ons blydskap met hulle deel. In Westerse lande begin mense al in Augustus met Kers-inkope. Geskenke gee is so 'n belangrike Kersfees tradisie in baie lande dat mense eintlik vergeet om die grootste geskenk wat reeds gegee is, te vier – die geboorte van Jesus.

## JESUS SE GEBOORTE GEE VIR ONS VYF BELANGRIKE GESKENKE:

### 1. Die geskenk van 'n vervulde Belofte!

Jesus se geboorte herinner ons dat ons God sy beloftes hou. Wat Hy sê sal Hy doen. Hy is nie 'n mens wat lieg of van plan verander nie. Dit mag dalk lank neem, selfs 'n paar geslagte – maar sy belofte bly staan. Die Bybel sê: **Hemel en aarde sal vergaan, maar my woorde nooit** (Matteus 24:35). Tog gee ons maklik op na 'n paar weke of maande of jare. Maar ons moet tog onthou dat wanneer God iets sê, sal Hy dit doen. Dit kan in ons leeftyd wees of dalk die van ons kinders. God het 'n Messias belowe vir die Jode, en Hy het Een gestuur!

Skrifkenners sê dat rondom 44 Ou Testamentiese beloftes



*'n Kind is vir ons gebore!*

vervul is met **Jesus se geboorte**. Byvoorbeeld Genesis 3:15 profeteer dat die Messias uit 'n vrou gebore sal word, soos vervul in Matteus 1:20-21. Sy geboorte-plek is nog 'n belofte wat vervul is (Miga 5:2, Matteus 2:1). So kan ek aangaan en almal opnoem, want daar is baie meer beloftes wat vervul is, maar die belangrike is dat God se mense vir jare moes wag op die vervulling van hierdie beloftes.

Liewe kinders van God, as Hy vir jou iets belowe het, hou aan bid in geloof. Moenie opgee nie. Jy mag dalk nie reën of wind sien nie, maar jou slote sal vol water word. Wanneer Jesus JA sê, kan niemand NEE sê nie! Hy hou sy beloftes! Hou aan glo, selfs al het jy niks om aan vas te hou nie. Wat God gesê het, sal Hy laat gebeur!

Kersfees is 'n tyd om te onthou dat selfs as ons nog niks sien nie, is God steeds besig om ter wille van ons te werk.

Alles sal mooi gemaak word op sy tyd. Wag vir sy tyd! Sy tyd is volmaak! “Alles is vir Hom moontlik.” Gee oor en bly wag soos Elisabet, Maria, Simeon en Anna. Hulle almal het gewag en die vervulling gesien van God se belofte.

## 2. Die Geskenk van Vrede!

Die tweede grootste geskenk van God is die vrede wat Hy gee. Sy Naam is Vredevors! Vrede is die belangrikste aspek van ons lewens, en tog herken of ontvang ons dit soms nie. Sonder vrede maak niks sin nie. Ons kan 'n groot huis hê, duur motor, hoogsbetaalde werk, 'n trofee van jou eggenoot, 'n ryk man, talentvolle kinders, maar as ons nie vrede het nie, is daar geen waarde in alles wat ons mag besit nie.

Ek het op 'n keer 'n jong man ontmoet wat my verstom het toe hy sê: “Ek bly liewer huil-huil in 'n groot huis as vol blydskap in 'n klein huis.” Regtig, my hart is besorg oor hom! Dit is die gemeenskap waarin ons leef; ons leef om die wêreld te beïndruk. Ander moet ons sien as suksesvol en sterk, gemeet aan ons uiterlike rykdom. Maar wat van innerlike rykdom – VREDE?

Jesus sê: “Die vrede wat Ek gee is genoeg vir alle omstandighede, of jy 'n 10-syfer bankbalans het of net een syfer, of jy 'n gesin het of alleen is, of jy gesond is of 'n fortuin bestee aan dokters en medisyne, of jy man of vrou is, jonk of oud ..., dit maak nie saak nie.” Hy sê: **Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal vir julle rus gee.** (Matteus 11:28). **Die vrede wat Ek gee, is nie die soort vrede wat die wêreld gee nie.** (Johannes 14:27). Die vrede wat God gee is bokant ons verstand, verby ons verbeelding. Dit is die vrede wat Daniël gehad het tussen die leeus, die vrede wat sy drie vriende binne in die vuur ervaar het.

Die vrede wat Jesus gee het geen perke nie. Selfs midde in 'n storm kan jy steeds sy vrede beleef, want Hy is in beheer van elke situasie. Niks kan ons oorkom sonder dat God daarvan weet nie. Dit is die vertroue wat ons moet hê. Hy sal ons nooit versaak nie.

Liewe Vriende, dalk gaan julle deur 'n droë seisoen in jul lewens, dalk ervaar julle tans 'n tornado-situasie, maar laat ek julle vertel ek was ook al daar, nie net een of twee keer nie, maar menige kere, en ek het gesien Jesus is altyd dieselfde, gister, vandag en vir ewig.

Hy het my altyd gevul met sy vrede. Vra vandag vir God om sy vrede vir jou te gee, ongeag jou omstandighede wat jy in die gesig staar, die put waarin jy sit, of die Goliat wat voor jou staan. Jesus sal vir jou sy VREDE gee omdat Hy die Vredevors is.

Het jy geweet die eerste Kersfees was in werklikheid nie 'n groot en vredevolle viering nie? In teendeel, sommige mense was ontsteld toe hulle hoor van Jesus se geboorte. Hulle was bang en omgekrap. En tog, toe die verskrikte maar tog gelowiges hoor en die goeie nuus glo, het hulle begin bly raak. Toe die engel aan die skaapwagters verskyn het, het hy gesê: **“Moenie bang wees nie, want ek bring vir julle goeie nuus van groot blydskap vir die hele volk.”** (Lukas 2:10). Hulle was eenvoudige mense met eenvoudige geloof.

Maar daar is 'n ander belangrike ding wat ons VREDE verbrokkel: haat en onvergewensgesindheid. En dit herinner my aan 'n gedig deur William Blake:

**The Poison Tree**

***I was angry with my friend;***
***I told my wrath, my wrath did end.***

....verv. op.bls. 6


NEHEMIA RESIDENSIëLE
BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

Bid asb. vir

Medium : Hindi

Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap
Asia Theological Association (ATA)
Erken deur Internasionale Christenleiers &
Senior pastore vir die afgelope 54 jaar

Certificate in Ministry
Diploma in Theology

Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër
Haas jou vir toelating!

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKKIKBAAR ✶

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

OM TE DEEL (Galasiërs 6:2), ONDERSTEUN (Romeine 12:13) & TE BESPOEDIG (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2023 Desember 19 Tot 2023 Januarie 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**Desember 19** ➲ Ons **St. Paul Matrikulasieskool, Nehemia Bybelkollege, Teologiese Korrespondensiekursus**, wat almal voorsien in die behoeftes van die minder bevoorregtes.

**Desember 20** ➲ Vir seën op ons vertalers, hulpredakteurs, medewerkers en hul gesinne.

**Desember 21** ➲ Die innige toewyding van die sendingwerkers.

**Desember 22** ➲ Die seën uitgestort op die gesinne van ons toegewyde werkers.

**Desember 23** ➲ Beskerming van ons Senior Pastoor en sy gesinslede teen alle bose magte.

**Desember 24** ➲ Sy seën oor ons dat ons die 2de termyn in ons **Nehemia Bybelkollege** kon voltooi.

**Desember 25** ➲ Sy seën op al ons Christelike vieringe gedurende hierdie jaar.

**Desember 26** ➲ Sy seën dat ons Registrasie Sertifikate vir al ons publikasies in 16 tale kon ontvang.

**Desember 27** ➲ God se guns op ons Gebedsvennote, Ingeskrewe Vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote, Groot Opdragvennote en al hulle gesinne.

**Desember 28** ➲ Die groei van ons **Bybelkor Korrespondensiekursus** en **Teologiese Korrespondensiekursus**.

**Desember 29** ➲ Die voortgesette druk en uitgee van ons tydskrif in 16 tale met ons drukpers en die verspreiding daarvan na die sendingvelde.

**Desember 30** ➲ Die gladde funksionering van ons **Nehemia Bybelkolleges** vir hierdie jaar.

**Desember 31** ➲ Wonderbaarlike voorsiening vir al ons behoeftes vir 2023.

**Januarie 01** ➲ Vrede vir al die lesers en mense oor die wêreld gedurende die Nuwe Jaar 2024.

**Januarie 02** ➲ Seën vir al die Kerke en gelowiges met goeie beloftes vir 2024.

**Januarie 03** ➲ Seën op al die Christelike Organisasies en Kerke gedurende 2024.

### Bid asseblief vir ...

**Januarie 04** ➲ Die uitroeiing van geweld en moord onder die jeug, en dat hulle met die Heilige Gees gevul sal word.

**Januarie 05** ➲ Vrede om te heers in elke gesin.

**Januarie 06** ➲ Dat wêreldleiers Goddelike wysheid sal hê en sal werk vir die welvaart van alle mense.

**Januarie 07** ➲ Verbeterde inkomste vir indiwidue oral oor die aarde.

**Januarie 08** ➲ Die behoud van 'n goeie reputasie onder alle Christelike opvoedkundige organisasies wêreldwyd.

**Januarie 09** ➲ Christene dat hulle God se Woord sal volg en 'n Christus-karakter sal vertoon.

**Januarie 10** ➲ Vrede tussen lande en ekonomiese ontwikkeling.

**Januarie 11** ➲ Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede, dat hulle onder God se magtige hand sal bly in 2024.

**Januarie 12** ➲ Goddelike beskerming teen bose magte in alle kerke.

**Januarie 13** ➲ Alle Kerke en Christelike organisasies dat hulle wettig geregistreer sal wees met hulle regerings.

**Januarie 14** ➲ Geskikte werknemers vir ons organisasie.

**Januarie 15** ➲ Die sukses van ons bedieningsvennote en staatskoördineerders in hulle aktiwiteite.

**Januarie 16** ➲ Die suksesvolle voltooiing van ons Senior Pastoor se outobiografie.

**Januarie 17** ➲ Die uitbreiding van ons bediening en wêreldwye verspreiding van die Evangelie.

**Januarie 18** ➲ God se voorsiening vir ons behoeftes vir hierdie maand.

verv. v. bls.4


***I was angry with my foe:***
***I told it not, my wrath did grow.***
***And I watered it in fears,***
***Night & morning with my tears:***
***And I sunned it with smiles,***
***And with soft deceitful wiles.***
***And it grew both day and night.***
***Till it bore an apple bright.***
***And my foe beheld it shine,***
***And he knew that it was mine.***
***And into my garden stole,***
***When the night had veiled the pole;***
***In the morning glad I see;***
***My foe outstretched beneath the tree.***

Dit is my gunsteling gedig.

Kom ons vergewe en gaan aan, want net dan sal ons vrede kry. As ons onvergifnis in ons harte het sal vrede ons ontwyk. Ja, iemand het ons dalk kwaad aangedoen, diep littetekens gelaat, pyn veroorsaak, of ons in die rug gesteek. Laat God daarmee handel.

Dalk moet jy nog iemand in jou lewe vergewe; doen dit nou. Stuur 'n teksboodskap of bel om te versoen. Mag God jou die vrede gee om dit te doen.

## 3. Die Geskenk van sy Teenwoordigheid!



*In sy Teenwoordigheid is daar volle vreugde!*

Die derde geskenk van God is sy Teenwoordigheid. Sjoe! Wat 'n wonderlike geskenk! Sy Naam is Immanuel, "God is by ons." Hy het belowe om ons nooit te verlaat nie. **By U is daar oorvloedige blydskap** (Psalm 16:11). Koning Dawid het alles gehad: geld, roem, rykdom, mag, oorwinning, en tog was daar een ding waarna hy bo alles gesmag het – om in God se teenwoordigheid te wees, meer as in sy paleis. Toe Dawid gesondig het, was hy nie besorg oor sy reputasie nie; nee, hy was meer besorg oor die nabyheid van die Heilige Gees. Hy sê: **Moet my tog nie van U af wegdryf en u Heilige Gees van my af wegneem nie!** (Psalm 51:13).

Voor Jesus hemel toe is, het Hy gesê: "**Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees**" (Johannes 14:16). Kom ons vra onsself af vandag of ons die gawe van God se Teenwoordigheid het in ons lewens, ons gesinne, ons huise, ons verhoudings as man en vrou? Gee ons voorkeur aan God se teenwoordigheid of die dinge van die wêreld? Dit is die vraag vir onsself hierdie Kersseisoen.

## 4. Die Geskenk van God se Krag!

Nog 'n bonatuurlike gawe van die Prins is sy verstommende krag in ons lewens. Jesus se geboorte is 'n vervulling van die belofte in Genesis 3:15, die eerste belofte van 'n Verlosser. Die vers sê: **Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.**

Hierdie vers stel 'n permanente vyandskap tussen die satan en die mens. Maar, Jesus se geboorte het al die mag van die satan verpletter. In sy poging om God se plan te keer, het die satan al die baba seuntjies wat dieselfde tyd


**NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

**Bid asb. vir**

**Medium : Tamil**

*Geregistreerde Kandidaat vir Lidmaatskap*

Asia Theological Association (ATA)

Erken deur Internasionale Christenleiers &

Senior pastore vir die afgelope 54 jaar

**Certificate in Ministry**

**Diploma in Theology**

Kwalifikasie: 10de Standerd of hoër

**Haas jou vir toelating!**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, BELLS ROAD, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

as Jesus gebore is, doodgemaak. Maar tog het sy plan misluk, want God se plan kan nie gefnuik word nie. Liewe kinders, niemand kan die plan wat God vir jou en my het, vernietig nie. Selfs al lyk jou huidige omstandighede of dit tog so is, onthou dan Jesaja het **God gesien sit op 'n baie hoë troon** (Jesaja 6:1). Ons God regeer! Die mag en gesag is by Hom. God rig ons voetstappe en stel die perke vir die see se golwe, Hy beveel hulle om nie verder te gaan nie. God verklaar: "My wil sal bly staan!" Ons God se mag en krag is verstommend!

Hy wil hê dat ons wenners sal wees wat ons omstandighede, mislukkings, neerlae, sonde, vloeke en ook die satan oorwin. Moenie opgee nie! Kersfees herinner ons dat ons meer as oorwinnaars is. Elisabet het die vloek oorwin, Maria die sosiale stigma, en die Mens het sonde en die satan oorwin.

Waarvoor wag jy? Onthou, ons is meer as oorwinnaars!

## 5. Die Geskenk van Vergewing

Toe God klaar was met die maak van die wêreld, het Hy gesien



*Vergifnis van Jesus Christus*


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

**Echo of His Call, Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

***Ons bankbesonderhede:***

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## DIE HERE HOOR EN DOEN


**As die regverdiges om hulp roep, hoor die Here hulle en red Hy hulle uit al hulle benoudhede.- Psalm 34:18**

In die beginjare van my bediening moes ek 'n eenvoudige leefstyl hê weens my lae inkomste. Een oggend het my destydse pastoor, Pastoor G. Sundram, in die kerk aangekondig dat daar 'n spesiale byeenkoms sal wees in die PERIYAR THIDAL-saal in Chennai die volgende Sondag. Ek was toe verantwoordelik vir die bediening van toesig oor die skoenerak in die kerk. So was ek toe die enigste stel van my beste klere en hou dit gereed vir die Sondag.

Die vorige Vrydag het 'n jongman my besoek en homself voorgestel as die broer van een van my vriende. Hy vra toe blyplek vir twee dae, en ek het hom goedwillig by my laat bly. Ek was bly ek kon die broer van my ou vriend help.

Maar, tot my verbasing het hy die Saterdag, terwyl ek nie daar was nie, al my ou en nuwe klere, insluitend die stel wat gereed was vir Sondag, saam met al my ander waardevolle goed gevat en weggehardloop. So het ek al my klere en belangrike besittings verloor.

Ek was baie hartseer oor die situasie want ek het nie geld gehad om ander klere vir Sondag te koop nie. Dit was onaanvaarbaar vir my om die skoenerak te bedien met vuil klere, want my Hoofpastoor was baie streng oor kleredrag en voorkoms. In my ontsteltenis het ek na die Here gegaan en gehoop op finansiële hulp om nuwe klere te koop. My geloof was nogal geskud, maar ek het niks anders gehad nie as om te glo vir 'n wonderwerk van God in hierdie moeilike situasie op 'n Saterdag middag.



Uit die bloute het iemand my toe geroep van buite af. Ek het uitgegaan en hom ingenooi. Hy het 'n sak met 'n paar stelle wit klere gehad en dit vir my gegee en gesê: "Liewe Broer Sam, ses maande gelede het een van my familie van 'n ander land 'n paar stelle wit broeke en hemde gebring. Omdat dit my nie gepas het nie, het ek gedink om dit vir jou te bring omdat dit jou goed sou pas." Ek was baie dankbaar en bly, want al die klere was gemaak van luukse vreemde materiale en gemaak presies volgens my grootte.

Die volgende dag het ek een stel aangetrek en kerk toe gegaan. Pastoor G. Sundram, ons Hoofpastoor, het my goed bekyk en gesê: "Broer Sam, jy is vandag onberispelik aangetrek!" Ek het kortliks vir hom vertel wat gebeur het en hoe God my geseën het. Hy was ook verheug en het my 'n gerusstellende klop op die skouer gegee terwyl hy op sy goddelike manier geglimlag het. Prys ons God! Soos Psalm 34:20 sê: **"Al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom uit almal."**

********

dit is baie goed, pragtig, perfek. Maar, toe die sonde inkom weens ongehoorsaamheid, het alles verander.

Dit het sonde ingebring, en sedertdien worstel die mensdom om sonde en die gevolge daarvan te oorkom. Sonde is 'n begrip wat in elke geloof voorkom. Die Bybel sê ... **die loon van die sonde is die dood ...** (Romeine 6:23). Met ander woorde, die gevolge van ons sondige dade is nie beperk tot fisiese dood nie maar ook geestelike dood. Sonde het ons van God geskei, 'n groot kloof geskep tussen ons. Maar, Jesus Christus se geboorte het hierdie skeiding beëindig. Toe Jesus in die wêreld gekom het, was sy doel om vir ons sondes te sterf en die straf in ons plek te dra. Deur op die kruis te sterf het Jesus vir ons die spesiale geskenk van "Genade" gegee. Kersfees is die tyd om die suiwer, selflose liefde van God vir ons te onthou, wat gekom het as genade. Daarby, Jesus tree onverpoosd vir ons in, soos genoem in Romeine

8:34. Dit is belangrik om te onthou daar is geen sonde so groot dat genade dit nie kan oorkom nie, of so klein dat genade nie daarvoor kan opmaak nie.

Liewe Vriende, die druk van hierdie wêreld, die eise van ons daaglikse lewens, en die uitdagings voor ons neig om ons weg van God af te dryf. As jy opmerk dat jy ver weg van die Here gedryf het, is dit nou die tyd om terug te kom.

Jesus is lief vir ons en het ons vergewe. Hy begeer dat ons 'n persoonlike verhouding met Hom sal hê.

Liewe Vriende, ek bid dat hierdie Kersfees betekenisvol sal wees vir jou. Mag jy die vyf gawes van die Prins geniet. Ek bid dat jy altyd sal onthou dat Hy sy beloftes hou, ongeag hoe lank dit neem. Hy gee Vrede, selfs midde in die storm. Sy Teenwoordigheid sal altyd by ons wees, selfs wanneer ons dit nie sien of voel nie. Hy sal by ons wees tot ons laaste asem. Hy is 'n magtige God, daarom hoef ons nie bang te wees nie. Hy maak ons nie net oorwinnaars nie, maar meer as oorwinnaars. En laastens, Hy wag om jou in sy arms te omhels en te aanvaar net soos jy is.

As jy die vyf gawes van die Prins aanvaar, kan jy die ware betekenis van KERSFEES ervaar!

Ek wens jou toe 'n baie gelukkige, geseënde, vreugdevolle en betekenisvolle Kersfees toe!

*******

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges Drie sentra) (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 09 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

## DRINGEND

Ons benodig sowat 1000 Hindi Christelike boeke vir ons **Nehemia Bybelkolleges.** Laat weet asseblief van moontlikhede om die teologiese Hindi boeke te kan bekom.

- Pr. S. Sam Selva Raj, Redakteur
+91-98412 71858

## BENODIG BIBLIOTEEKBOEKE

Ons benodig Tamil, Engelse en Hindi boeke vir ons biblioteke by **St. Paul's Matrikulasie-skool** en **Nehemia Bybel-kolleges**. As julle dalk nuwe of ouer boeke het wat in goeie toestand is en gewillig is om dit te skenk, laat ons asseblief weet.

- Pr. S. Sam Selva Raj, Redakteur
+91-98412 71858

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## Bid asseblief Echo of His Call Postal Courses

TEOLOGIESE KORRESPONDENSIE- KURSUS

Doen **'n** Kursus oor die Pos in Teologie in Engels en Tamil en word **'n** geestelike dienaar binne **'n** paar weke! Sertifikaat in Bediening

**Vir besonderhede : Die Sekretaris Theological Correspondence Course,**
Echo of His Call, 10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005. Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, Cell: 98410 71858.
E-mail : biblecor@yahoo.co.in / sam@echoofhiscall.org

## Bid asseblief
## ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org**) Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India
under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th DECEMBER 2023
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

*JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**